FAMSA OUTENIQUA SJOKOLADE FEES

'n Eerste vir die Tuinroete! George word nie verniet die hoofstad van die tuinroete genoem nie, dis mos hier waar dinge gebeur! Die sjokoladefees is 'n goeie voorbeeld hiervan. 'n Kombinasie tussen ons mooi area en die lekkerste lekker gaan beslis 'n treffer wees, want wie kan nou eintlik nee sê vir sjokolade …by dosyne… in alle vorms… en geure…

Hierdie wonderlike fees vind plaas op 27 September 2008 in die parkeerterrein van die Garden Route Mall. By die fees sal sjokolade van alle kleure en geure te sienne wees en verskeie kompetisies geloots word, terwyl demonstrasies en keurige vermaak sal sorg vir die res.

Belangrike en bekende persoonlikhede gaan die fees inkleur. Kyk gerus uit vir "Krynouw en Baby" van Egoli en Hannes van Wyk wat gaan wys hoe werk dinge agter die sjokolade potte. Verder sal Sara Theron se pragstem sorg vir vermaak., tewyl Dewald Jordaan as die fees se seremoniemeester optree.

Ons kindertent fokus spesifiek daarop om die jongklomp tussen ouderdomme 3 – 9 besig te hou, terwyl ouers rustig kan ontspan tussen al die stalletjies. Vermaak vir die kinders sluit in: 'n springkasteel, kompetisies, gesigverf, poppekas, video vertoning en ander algemene aktiwiteite. Streng sekuriteit sal hier gehandhaaf word sodat ouers hul kleingoed met 'n geruste hart by die kindertent kan los. Kinders mag vir 'n tydperk van 2 ure vertoef in die kindertent.

Kompetisies wat deur die verloop van die dag aangebied gaan word, sluit in die "eet soveel jy kan!" kompetisie, die sjokolade koek versier kompetisie en die Mej FAMSA Sjokolade kompetisie. Inskrywingsvorms is by FAMSA beskikbaar.

Stalletjies vorm die hart van die fees en beloof om 'n groot verskeidenheid en -hele paar verrassings op te lewer! Enige produk wat met sjokolade te doen het, kan verwag word, hetsy dit iets te ete, iets is wat ons skoonheid of gesondheid bevorder of op enige manier met sjokolade in verband gebring kan word. Stalletjies kan vanaf R350 bekom word. (Waar 'n stalletjie kosprodukte verkoop, moet proehappies beskikbaar wees.) Die fees is 'n geleentheid vir besighede,

formele bakkers en ook entrepeneurs om hul produkte te bemark. Stalletjies is ook beskikbaar in die Mall vir die week voor die fees.

Om ons in die regte gemoedstemming vir die fees te bring, vier ons die Vrydag-aand, 26 September, fees by die Wildernis Resort Hotel met die tema: "African Masquarade". Die seremoniemeester vir die aand is Hannes van Wyk van Egoli. Die spoggeleentheid begin om 19:00 en sluit 'n 'charity auction' onder leiding van Louis van Rensburg in. As deel van hierdie aand en aanloop tot die fees, word twee besonderse kompetisies geloods:
Die kunskompetisie is vir leerders wat graag 'n potloodskets van 'n gesin/familie op 'n A4 papier wil maak. Tien finaliste word gekies en het die voorreg om deur kunskenner, Adri Worth, touwys gemaak te word ten einde 'n finale produk te lewer vir die fees. Die wenner word op die gala-aand gekies en die wenprent opgeveil. Die wenner ontvang 'n weeklange kunswerkswinkel deur Adri Worth.

Ons fotokompetisie is vir professionele fotograwe, asook vir amateurs. Enige Foto wat 'n familie uitbeeld kan ingeskryf word. Die familie se gesigte moet egter verskuil, of verbloem wees. Drie foto's word gekies, geraam en daarna opgeveil.

Die dekor by die fees neem 'n speelse tema aan en gaan vir 'n paar verrassings sorg. Maar kom kyk self...

Die hoogtepunt van die fees is 'n poging om 'n wêreldrekord op te stel. 'n Lewensgrootte sjokolade…(ons kan darem nie heeltemal die aap uit die mou laat nie)… gaan gemaak word wat beslis monde sal laat water en tonge losmaak. So iets is nog nooit gesien nie. Moenie uitmis nie!

Die Sjokoladefees bied geleenthede aan besighede wat as borge optree, om hul naam en produk te bemark. Verskeie tipes borgskappe is beskikbaar.

Vir enige inligting, stalletjie besprekings, inskrywingsvorms en navrae, kontak gerus vir FAMSA Outeniqua by Tel: 044 874 5811 of e-mail ons by famsaouteniq@mweb.co.za